UNIVERSITEIT·STELLENBOSCH·UNIVERSITY
jou kennisvennoot • your knowledge partner

# DIENSVLAKOOREENKOMS MET BETREKKING TOT DIE PLASING VAN WERWINGSADVERTENSIES, ONDERHOUDSVOERING EN HERVESTIGING VAN NUUT AANGESTELDE PERSONEEL

## Werwingsadvertensies

| SENTRAAL BEKOSTIG | DEUR OMGEWING BEKOSTIG |
|---|---|
| **GROOTTE VAN ADVERTENSIE** | |
| • Plasing van Nasionale Media teen maksimum grootte van 18x4 cm<br>• Plasing in streeksmedia teen maksimum grootte van 20x4 cm | • Enige advertensie groter as hiernaas gespesifiseer<br>• Plasing van advertensies vir vakatures wat vanuit buitefondse bekostig word |
| **MEDIA** | |
| **Akademiese poste:**<br>• Plasing eenmalig nasionaal in Afrikaans sowel as Engels<br>• Plasing in vaktydskrifte<br>• Plasing op toepaslike webblaaie<br>• Plasing op US-webblad<br><br>**Steundiens posvlakke 9-5:**<br>• Eenmalige plasing nasionaal of plaaslik in Afrikaans sowel as Engels<br>• Plasing op toepaslike webblaaie tot ‘n maksimum koste van R5 000.00<br>• Plasing op US-webblad | • Plasing van advertensies vir vakatures wat vanuit buitefondse bekostig word<br>• Enige mediaplasings anders as hiernaas gespesifiseer |

| | |
|---|---|
| **Steundiens posvlake 12-10:**<br>• Plasing op US-webblad<br>• In gevalle waar die aard van die pos dit regverdig (bv skaarsheidsfaktore), plasing ook in streeks-/nasionale media<br>• Plasing op toepaslike webblaaie tot 'n maksimum koste van R2 500.00<br><br>**Steundiens posvlake 17-13:**<br>• Plasing op die US-webblad<br>• In gevalle waar die aard van die pos dit regverdig (bv skaarsheidsfaktore), plasing in streeksmedia<br>• Plasing op toepaslike webblaaie tot 'n maksimum koste van R2 500.00 | |
| **SENTRAAL BEKOSTIG** | **DEUR OMGEWING BEKOSTIG** |
| **ONDERHOUDE** | |
| **Akademiese poste** | |
| **Reiskoste:**<br>• Reiskoste van maksimaal drie kandidate, hetsy **binnelandse** ekonomiese klas vliegtuigkaartjies **of** reiskoste per voertuig teen heersende US kilometertarief (watter een ook al die goedkoopste is)<br>• Vir kandidate wat uit die **buiteland** reis, die ekwivalent van 'n **binnelandse** retoer ekonomiese klas vliegtuigkaartjie tussen Johannesburg en Kaapstad<br>• Reiskoste na en van die lughawe tot 'n maksimum van 3 kandidate (tot 'n maksimum van R500 per kandidaat)<br>•<br>**Verblyfkoste:**<br>• Verblyfkoste van die eerste drie kandidate tot 'n maksimum van een nag en 'n maksimum van R500.00 per kandidaat | • Alle reis- en verblyfkostes vir vakatures wat vanuit buitefondse bekostig word<br>• Enige reis- of verblyfkoste anders as hiernaas gespesifiseer |

| Steundiensposte | |
|---|---|
| **Posvlakke 9-5:** | |
| **Reiskoste:**<br>• Reiskoste van maksimaal drie kandidate, hetsy koste van binnelandse ekonomiese klas vliegtuigkaartjies **of** reiskoste per voertuig teen heersende US kilometertarief ***(watter een ook al die goedkoopste is)***<br>• Vir kandidate wat uit die **buiteland** reis, die ekwivalent van 'n **binnelandse** retoer ekonomiese klas vliegtuigkaartjie tussen Johannesburg en Kaapstad<br>• Reiskoste na en van die lughawe tot 'n maksimum van 3 kandidate (tot 'n maksimum van R500.00 per kandidaat)<br><br>**Verblyfkoste:**<br>• Verblyfkoste van die eerste drie kandidate tot 'n maksimum van een nag en 'n maksimum van R500.00 per kandidaat | • Alle reis- en verblyfkostes vir vakatures wat vanuit buitefondse bekostig word<br>• Enige reis- of verblyfkoste anders as hiernaas gespesifiseer |
| **SENTRAAL BEKOSTIG** | **DEUR OMGEWING BEKOSTIG** |
| **Posvlakke 12 -10** | |
| • **Reiskoste** teen US se heersende kilometertarief tot 'n maksimum reisafstand van 500km<br>• **Verblyfkoste** van die eerste drie kandidate tot 'n maksimum van een nag en R500.00 per kandidaat | • Alle reis- en verblyfkostes vir vakatures wat vanuit buitefondse bekostig word<br>• Enige reis- of verblyfkoste anders as hiernaas gespesifiseer |
| **Posvlakke 17-13** | |
| • **Reiskoste** teen US se heersende kilometertarief tot 'n maksimum reisafstand van 150km | • Alle reis- en verblyfkostes vir vakatures wat vanuit buitefondse bekostig word<br>• Enige reis- of verblyfkoste anders as hiernaas gespesifiseer |

| HERVESTIGING VAN NUUT AANGESTELDE PERSONEEL | |
|---|---|
| • Werklike koste van die verhuising van normale huisinhoud<br><br>• ‘n Bedrag gelykstaande aan ‘n ekonomieseklas-vliegtuigkaartjie vir die personeellid, gade en afhanklike kinders vir binnelandse sowel as internasionale reise; sowel as die reiskoste vanaf Kaapstad Internasionale Lughawe na die kandidaat se nuwe standplaas tot ‘n maksimum van R500.00<br><br>**of**<br><br>• Reiskoste per voertuig beperk tot die heersende US-kilometertarief vanaf die personeellid se standplaas ten opsigte van een voertuig<br><br>• In die geval van buitelandse verhuisings, ‘n bedrag gelykstaande aan ‘n enkel eersteklastreinkaartjie ten opsigte van die personeellid en sy/haar afhanklikes tot by die naaste internasionale lughawe<br><br>• Een maand se opberggelde by die betrokke verhuisingsmaatskappy<br><br>• Die herafleweringskoste vanaf die stoor na die bestemming/woning | **UITGESLUIT:**<br>• Kostes verbonde aan die vervoer van:<br>  • motorvoertuie<br>  • troeteldiere, insluitend alle kostes verbonde aan troeteldiere wat vanaf die buiteland ingebring word, byvoorbeeld: kwarantyn, inenting, doeane-hantering, ens.<br>  • karavane, sleepwaens, bote<br>  • motorfietse<br>  • spesiale versamelings (byvoorbeeld wyn- en kunsversamelings)<br><br>• Kostes verbonde aan die verkryging van ‘n werkspermit, paspoorte, visums, vertaling van sertifikate, verifiëring van kwalifikasies, polisieklarings, permitte<br><br>• Alle verhuisingskoste van tydelike aanstellings<br><br>• Alle koste vir vakatures wat vanuit buitefondse bekostig word<br><br>• Akkommodasiekostes van nuut aangestelde personeel |

| PSIGOMETRIESE EN ANDER TOETSING VAN KANDIDATE |
|---|
| Koste verbonde aan psigometriese en ander tegniese of administratiewe toetse word ten volle deur die betrokke omgewing bekostig. |
| **PROSESMATIGE REëLINGS** |
| **VOORBEREIDING VAN ADVERTENSIES** |
| • Die advertensie word voorberei deur die betrokke omgewingshoof in oorleg met die betrokke MH Praktisyn<br>• Die konsepadvertensie (in die voorgeskrewe formaat) moet die Afdeling Menslike Hulpbronne bereik **minstens 7 werksdae voor die datum van mediaplasing**<br>• Voor plasing in die media sal die finale weergawe van die advertensie deur die betrokke omgewingshoof afgeteken word as volledig en korrek |

## PLASING VAN ADVERTENSIES

- Ten einde kostes te bespaar word **saamgestelde advertensies** (vir meer as een vakature) soms geplaas asook **advertensies in 'n verkorte formaat** (met daarin die nodige verwysing na die US-webblad, waar die volledige advertensie sal verskyn.) Advertensies wat op werwingswebbladsye geplaas word, sal volledig verskyn
- In oorleg met die betrokke omgewing kan advertensies soms slegs op **webblaaie** geplaas word. Hierdie beginsel geld veral m.t.b. sekere spesialisposte of waar vakatures reeds vantevore in die media geplaas is
- Die **keuse van media** sal altyd in oorleg met die betrokke Dekaan/Omgewingshoof bepaal word
- Plasings van werwingsadvertensies geskied normaalweg volgens 'n voorafopgestelde jaarprogram (elke alternatiewe naweek)

## ONDERHOUDVOERING

- Alle verblyfreëlings van onderhoudkandidate moet vooraf deur die Afdeling Menslike Hulpbronne goedgekeur word (via Luchelle Davids by 808 2369)
- Alle reisreëlings moet deur die betrokke omgewing self getref word in oorleg met die Afdeling Menslike Hulpbronne (via Luchelle Davids by 808 2369)
- Omgewings moet dit sterk oorweeg om van videokonferensiefasiliteite of soortgelyke metodes gebruik te maak ten einde kostes te bespaar

## HERVESTIGING VAN NUUT AANGESTELDE PERSONEEL

- Alle reëlings m.b.t. verhuisings moet via die Afdeling Menslike Hulpbronne hanteer word (via Luchelle Davids by 808 2369)
- Die Universiteit wys 'n verhuisingskontrakteur aan op grond van kwotasies wat via die Afdeling Aankope ingewin word. Slegs kwotasies van daardie maatskappye met wie die Universiteit 'n kontrak beding het, sal oorweeg word. Geen kwotasies deur die personeellid self ingewin, sal oorweeg word nie
- In die geval van buitelandse aanstellings sal die verhuisingsproses slegs 'n aanvang neem nadat bewys van 'n geldige werkspermit aan die Afdeling Menslike Hulpbronne voorgelê is
- Alle reëlings verbonde aan die verkryging van 'n werkspermit asook die vereffening van die kostes daaraan verbonde, is die verantwoordelikheid van die betrokke personeellid
- 'n Personeellid moet binne die eerste ses maande van sy/haar aanvaarding van aanstelling 'n versoek om verhuising aan die Afdeling Menslike Hulpbronne rig en die verhuising moet plaasvind binne die eerste jaar van aanstelling ten einde te kwalifiseer vir die bekostiging van die verhuising deur die Universiteit
- 'n Personeellid wat binne drie jaar na indienstrede, om enige ander rede as swak gesondheid, uit diens van die Universiteit tree, moet 'n pro rata deel van die bydrae tot sy/haar verhuisingskoste aan die Universiteit terugbetaal